Maandag **1 Julie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:6-8**

**God se Woord bly vir ewig**

God troos sy volk na baie jare in ballingskap. Hulle het voluit, klaar geboet vir hulle sonde (vs 2). Hulle kon na hulle land terugkeer. ’n Nuwe tyd waarin hulle God se heerlikheid sou ervaar, het aangebreek.

Hy waarsku hulle egter dat hulle nie op mense, hulle vermoëns of prestasies moes vertrou nie. Hulle moes ook nie dink dat iemand soos ’n Dawid van ouds na vore sou kom om van hulle weer ’n wêreldmoondheid te maak nie.

Hulle troos was nie dat hulle nou nie meer sou swaarkry en dat hulle vry was om te doen wat hulle wil nie. Hulle troos was ook nie te vind in die mense saam met wie hulle bevry is of dat geloofs- of volksgenote billik oor hulle sou regeer nie.

Mense, selfs hoogs begaafdes, goeie leiers en voorbeeldiges is almal soos die gras van die veld. Een dag is hulle daar en die volgende dag is hulle weg. Menslike prestasies en bydraes verloor hulle impak soos ’n veldblom wat verwelk.

Waarin het die Israeliete se troos gelê? Is daar iets wat dan nooit tot niet gaan nie? Ja, daar is: Die Woord van die God wat self geen begin of einde het nie.

Hy hou al sy beloftes. Die groot troos van sy beloftes wat Hy getrou nakom, is dié Woord. In Jesaja kry ons baie beloftes oor die Woord wat Mens sou word. Hy het sy volk van meer as ’n aardse ballingskap bevry. Hy het ons bevry van die duiwel en sonde wat ons slawe gemaak het.

God het reeds soveel van sy beloftes nagekom. Ons kan seker wees Hy gaan die res ook nakom. Daarom kan ons uitsien na die dag wanneer ons lewens nie meer met gras of veldblomme vergelyk word nie.

*Sing: Psalm 25-1:1, 5*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)*